VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Vandag:	Jean Cillers, Milanka Nolte, Clara Smit, Riaan van Dyk, Franca van Niekerk.
Maandag:	Mariena Agenbag, Connor Cahay, Megan Moffit, Keith Viljoen.
Dinsdag:	Miemsie de Waal, Bryan Lanne, Charl Smit.
Woensdag:	Amouré Kruger, Letitia Möller, Jan Scholtz, Annette Stoman.
Donderdag:	Frik Botha, Tannie Cloete, Wilna Hofmeyr, Carel le Roux, Letitia Visser.
Vrydag:	Susan Carstens, Michelle Fisher, Maritha Garman, Adri Jansen van Vuuren, Bianca Pienaar, Marieke Pretorius, Paul Roux, Michiel Rust, Gustav Smit, Isella van der Walt, Karli van Zyl.
Saterdag:	Lilly Buys, Andrew Esterhuysen, Leoné Hugo, Marlene Wessels.

Kerkkantoor is vanaf môre (14 September) elke dag oop 08:30– 13:00

Die dankoffers word nie tydens die diens opgeneem nie, maar wel by die deure. Daar sal twee houers wees - een vir die **b**ankoffers, en een vir die deuroffer (vandag vir Gemeenteontwikkeling). Plaas gerus jou offer daarin wanneer jy uitstap.

Ons tree vir mekaar in die bresse deur vir mekaar te bid:

- Mense wat hul werk verloor het
- Mense wat nie hulle volle salarisse kry nie
- Mense wie se besighede swaar kry, en wat ook implikasies het vir werknemers
- Dat ons sal weet hoe om verantwoordelik en met integriteit op te tree
- Ons regering en almal wat besluite moet neem wat só baie mense se lewens raak
- Die jeug van ons gemeente en die jeug in ons land

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou kollekte en dankoffer te gee.

LEWER GERUS KOMMENTAAR aangaande die eredienste.
Stuur dit na eredienste@nghottentotsholland.co.za
of *anoniem* vanaf die webblad:
http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste#

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 13 SEPTEMBER 2020

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS - IN DIE KERKGEBOU

09:00:	HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING:	MATTEUS 18:21 - 35
TEMA:	WAT IS DIE LESING OP JOU VERGIFNIS-METER?

Ons vier ook vandag **Nagmaal**. Diegene in die kerkgebou kan gerus elkeen 'n verseëlde houertjie met druiwesap en 'n broodjie in die voorportaal neem. Diegene wat inskakel by die diens moet asseblief ook vooraf solank wyn/druiwesap en broodjies gereed kry.

Vorige eredienste kan op Youtube gekyk word.
Die skakel vir die Youtube kanaal https://www.youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

Teken gerus in (subscribe) op hierdie kanaal, en jy sal 'n kennisgewing ontvang elke keer wanneer iets nuuts op die kanaal gelaai word. NB: Stuur gerus 'n boodskap na 082 859 5646 as jy slegs die preekgedeelte se klank (mp3) wil ontvang.

DEUROFFERS:

Vandag se deuroffer: Jeugbediening van ons eie gemeente
Die fondse wat met die deuroffer ingesamel word, sal spesifiek vir die jeugaksies van ons gemeente aangewend word. Daarmee saam word voorbidding gevra vir die nuwe begin van ons aktiwiteite na die inperking. Enigiemand wat wil help met die aksie vir graad 0 - graad 3's moet asseblief vir Hennie laat weet.
Volgende week: Insitituut vir Dowes

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

KERMIS 2020 GAAN BESLIS PLAASVIND!!

Baie dankie aan een en elkeen wat reeds laat weet het wat hul graag vir die kermis wil bydra. As jy nog nie laat weet het, moet jy asb vandag nog vir Yolandi laat weet - by 084 247 2351 of yolandi@nghottentotsholland.co.za

Ons het beslis nog **koekbakkers** nodig!

Aangesien ons nie saam mag kuier op die dag nie, sal ons binnekort 'n bestellys uitstuur. Jy kan dan 'n **bestelling plaas** en op 3 Oktober kom afhaal. Ons vertrou die Here vir 'n sonnige dag, sodat ons darem die vure kan laat brand en die **Wit Olifant tafel** buite kan hê (bring dus gerus alles waarvan jy nog ontslae wil raak na die kerkkantoor!)

Die **VLEISBESTELLINGS uit Laingsburg SLUIT 21 SEPTEMBER** – dit sal ook op 3 Oktober afgelewer word (heel lammers, halwe lammers en wors @ R100/kg en afvalle @ R120/kg) – bestel asb. so gou moontlik.

Dankie vir almal se positiwiteit, opgewondenheid en ruim bydraes!

As verlengstuk van die kermis gaan 'n AANLYN-KUNSVEILING plaasvind- meer hieroor in die volgende Familienuus

'n Boks vol vars groente @ net R150

Ons ontvang hierdie week geen groente-aflewering nie, maar julle kan gerus solank whatsapp (084 237 2351)of e-pos (yolandi@nghottenttotsholland.co.za) indien jy groente wil bestel vir Dinsdag**, 6 Oktober.**
Baie dankie vir julle betrokkenheid by hierdie projek! Deur hande te vat het ons gemeente die afgelope maand al 'n baie groot verskil in die Helderbergkom gemaak.

Ons het 81 bokse groente aan instansies geskenk wat daagliks betrokke is by maaltydvoorsiening aan uiters behoeftige gesinne en straatmense en ook 17 bokse aan gesinne in ons gemeente.

Dink 'n slag UIT DIE BOKS en neem SELF 'n boks groente vir iemand – dalk sommer jou buurman! Natuurlik mag jy jou eie gesin ook bederf met pragtige, kraakvars groente. (As jy dit graag wil probeer, maar dis vir jou moeilik om op 'n Dinsdagoggend by die kantoor uit te kom, kontak vir Yolandi en tref 'n alternatiewe reëling.)

Aanhouwen Boetiek oop op Dinsdae

Aanhouwen verkoop op Dinsdae tussen 10:00 – 12:00
tweedehandse klere om fondse in te samel.
Kleredonasies dringend benodig!
Jy kan dit direk na Aanhouwen neem of by die Kerkkantoor aflaai.

Huis Andrew Murray Kersskoenboksprojek

Ons gemeente gaan weer, soos in die verlede, probeer om vir elkeen van die ongeveer 150 kinders 'n persoonlike geskenkpakkie vir Kersfees te gee.

Vir uniformiteit word die bokse verskaf met die kind se naam, geslag, ouderdom en wenslysie. Vanjaar moet die bokse by die kerk afgehaal word en vir kontrole afgemerk word met 'n naam en 'n telefoonnommer van die persoon wat die spesifieke kind gekies het. Die bokse is beskikbaar by die kerkkantoor wat toeganklik sal wees vir persone met 'n masker aan. Die tye wat die lokaal oop is,
is 09:00 tot 12:00 op Dinsdae totdat al die bokse geneem is.
Vir diegene wat nie op 'n Dinsdag kan kom nie of wat andersins nie die kerkkantoor kan besoek nie, kan Christo Bester by 082 726 7895 of cjb4@sun.ac.za kontak vir alternatiewe reëlings.
Daar is steeds baie tyd om die bokse te vul aangesien dit eers in Oktober terugbesorg moet word.

Brei of skenk asseblief wol vir Mama Themba

Mama Themba is 'n liefdadigheidsorganisasie wat twee staats-hospitale in die Helderbergkom bedien. Van ons lidmate is vrywilligers by hierdie organisasie. Hulle voorsien 'n "omgee-sak" met klere, 'n kombers en noodsaaklike produkte vir pasgebore babas. Hierdie sak word persoonlik aan elke mamma oorhandig en die vrywilligers spandeer tyd met elke mamma en baba om vir hulle hoop, liefde en raad te gee. Vir sommige ma's is die inhoud van hierdie geskenkpak *ál* wat hulle het vir hulle nuwe baba. As jy wil brei, maar nie wol het, of kan bekostig, of wil winkel toe gaan om te koop nie, kontak vir Janice Rust (083 301 6626). Janice het ook die patrone vir die booties en die mussies – kontak haar gerus vir meer inligting.



Die kleertjies moet normale 0-3 maande grootte wees – hulle wil graag dat die kleertjies gedra kan word tot by 3 maande.
Die wol moet dubbeldraad (double knit) wees, en moet sagte babawol wees, sodat die klere vir die klein bababatjies nie te hard sal wees nie.

Dominees se besoeke aan lidmate:

Die dominees is meer as bereid om mense te besoek, of dat lidmate hulle besoek, maar wil ook niemand in 'n ongemaklike posisie plaas as hulle dalk nie mense wil ontvang nie. Laat weet daarom gerus as jy wil hê dat een van die dominees jou moet kom besoek, of as jy een van hulle wil besoek.